VLAKTE (SPRINGBOK) SKIETOEFENING

1. Inleiding
Hierdie oefening het ten doel om die jag van Springbokke en ander kleiner boksoorte oor langer afstande en in oop terrein na te boots. Dit bied aan skuts die geleentheid om aan 'n kompetisie deel te neem waar die teiken relatief klein is oor afstande van 200m en 300m. Die gewere moet dus akkuraat wees en die teleskope moet duidelik wees en genoeg vergroot (verkieslik 10x en meer) ten einde goeie skootplasing te kan doen. Hierdie oefening is spesifiek gemik op díe skuts wat beskik oor akkurate kalibers wat geskik is vir vlakte jagtoestande.

2. Teiken
Die Springbok-teiken van die SAJWV word gebruik of enige ander teiken van tyd tot tyd deur die skietkomitee goedgekeur. Die kop van die dier mag na links of regs wys (anders-om gedruk).

3. Universele reëls by skietoefeninge
Sien aparte dokument "Universele reëls by skietoefeninge" – dokument: J006.34.06A - vir beskrywing van algemene (universele) items.

4. Standaardbevele
Sien "Skietbaan veiligheidsreëls vir Deelnemers" en "Standaardbevele op die skietbaan" - dokument: J006.35.03A - vir laai, ontlaai en veiligheidsprosedures.

5. Kaliber
Enige senterslagkaliber.

6. Visiere of teleskope
Geen beperking op visiere of teleskope nie.

7. Oefening (item verwysings na die dokument "Universele reëls by skietoefeninge")

a. Vanaf **300 meter** word **drie skote** in **120 sekondes** vanuit die lê posisie met beperkte ondersteuning voor en agter geskiet (verwys na item 18.1.3).

b. Vanaf **200 meter** word **drie skote** in **120 sekondes** vanuit die lê posisie met ondersteuning slegs voor geskiet (verwys na item 18.1.2).

c. Steeds vanaf **200 meter** word **drie skote** in **120 sekondes** vanuit die sitposisie met vrye ondersteuning geskiet (verwys na item 18.2.3).

8. Erkenning
Skietbalkies met onderste afsnypunte van onderskeidelik brons, silwer en goud: **160, 190 en 220** is beskikbaar vir die skietoefening met 'n maksimum puntetelling van 270.



Teiken werklike grootte: W x H = 680 x 1000mm.

Teiken areas	W x H mm	Area cm^2	vs Hart
Kop brein/skedel:	120 x 85	94	160%
Hart:	86 x 88	58	--
V-hart:	51 dia	20	33%
Sentrale hart/long:	145 x 154	203	350%
Groter long/rugwerwel:	185 x 190	344	590%

Nekwerwel: 45 mm wyd
Die tellings is op die teiken gedruk.
Die werklike lyne op die dier is dun rooi lyne wat nie op ’n afstand sigbaar is nie.